Kwartaallikse nuusbrief van die beheerliggaam

3/2017

Die beheerliggaam vergader gedurende die laaste week van die skoolkwartaal en van die belangrike sake op die agenda is die begroting vir 2018, die skool se godsdiensbeleid, graad 7-leierskap en die verslae van die derde kwartaal se aktiwiteite.

40 Jaar van genade

Baie dankie aan die span mense wat die 40-jarige fees beplan en bestuur het. Dankie vir almal wat op een of ander manier deel van die fees was. In die 40 jaar het ons skool nog net 5 skoolhoofde gehad! Al die oud-hoofde kon die afskop van die fees bywoon en daar is historiese foto's geneem! Daar was ook nog net 7 beheerliggaamvoorsitters en ons het boodskappe van almal ontvang. Ons skool het 'n stewige fondasie en ons sien nou al uit na die 50-jarige fees!

Opwindende projekte

Die meeste van die groot projekte is afgehandel en die nuwe badkamers is ook die week in gebruik geneem. Baie dankie aan al die komiteelede wat hard beplan en saam gedink het en veral aan Jacques Botha wat die voorsitter van die komitee was. Hartlike dank aan Mnr Dave van Zyl wat die bouprojek vir ons bestuur het. Al die projekte sal teen die einde van die jaar afgehandel wees.

Ons nooi ouers om gerus so bietjie op die skoolterrein rond te stap en te kyk hoe die fondse aangewend is.

Fichie ondersteunersklub

Baie dankie vir almal wat belangstelling getoon het – ons gaan die eerste vergadering vroeg in die 4de kwartaal hou. Ons idee is dat die ondersteunersklub 'n sosiale plek vir ondersteuners sal wees waar almal Fichie-ondersteunerhempies sal dra en dat die sportdek vir alle sportgeleenthede oop is vir die klub. Die ondersteunersklub sal binne ons Fichie Trust funksioneer. Die doel van die klub sal onder andere wees om meer sosiale geleenthede vir die ouergemeenskap te organiseer en die skool se sport en sportontwikkeling te ondersteun.

Fichardtpark Primêre Skool
Beheerliggaam
E-pos: sbl@fichies.co.za

Graad 7-leierskap

Na ons konsultasievergadering met die ouers, is die voorstelle ook met die leerders bespreek en daar is ’n groot opgewondenheid oor die moontlikhede. Die leierskapmodel dien by volgende week se vergadering en die finale plan sal gedurende die vierde kwartaal bekend gemaak word.

Waternood

Die skool se tuine en grasperke veg ook daagliks om oorlewing en danksy waterdonasies kan ons die sportvelde aan die lewe hou. Ons Water-Woensdae-projek is nou belangriker as ooit en ons versoek dat elke leerder vir ons 5l water sal skool toe bring. Ons ondersoek die moontlikheid om ’n waterwaentjie aan te koop sodat ouers met boorgate in groter volumes kan bydrae.

Ons waterprojek se infrastruktuur is 100% gereed vir die eerste reënbui en ons kan dan groot hoeveelhede afloopwater in die damme stoor om vir besproeiing te gebruik.

Belangrike datums

Die beheerliggaam gee jaarliks tydens die begrotingsvergadering ’n oorsig oor die jaar se aktiwiteite en ’n vooruitskouing vir wat in die nuwe jaar moet gebeur. Die 2018 begroting moet ook by die vergadering goedgekeur word. Ons het reeds kennis gegee van die vergadering wat op **30 Oktober om 18:00** in die skoolsaal gaan plaasvind. Die volledige begroting sal 14 dae voor die vergadering ter insae by die kantoor beskikbaar wees.

Baie dankie aan almal wat dit vir ons moontlik maak om ons skool se missie uit te leef!

Beheerliggaam groete

Jaco Deacon

22 September 2017

Fichardtpark Primêre Skool
Beheerliggaam
E-pos: sbl@fichies.co.za

Projekte

Asblikarea-betonheining

Filterwater

Dome-speelarea

Gras gr. R



Fichardtpark Primêre Skool
Beheerliggaam
E-pos: sbl@fichies.co.za